SELA'18- Musiek Bedienings Opleiding

Die doel van die opleidings naweek is om leiers/predikante en musikante toe te rus om saam met mekaar musiek as deel van die erediens tot volle reg te laat kom. Musiek en sang is 'n groot deel van die erediens vir goeie rede en daarom is dit belangrik dat ons dit ten volle ontwikkel.

Die opleiding bied geleentheid vir gemeentes, klein en groot, om hul leiers sowel as hul musikante bloot te stel aan goeie teologie oor musiek asook praktiese werkswinkels wat musikante en leiers help om mekaar ten volle in hul bedienings te laat funksioneer op so 'n manier dat dit tot opbou van die hele gemeente kan wees.

Die volgende sessies word aangebied:

1. **Musiek in die Kerk- vir wat?!**
   Hoekom sing ons in 'n erediens? Wat gebeur met 'n gemeente as hulle sing en hoe is dit deel van God se interaksie met ons in 'n erediens?

2. **Wat moet ons sing?**

   Hoe besluit ons wat ons sing in die erediens? Wat is gepas en waar is dit gepas? Ons praat oor goeie teologiese inhoud in musiek wat relevant is vir die gemeente waarin dit gebruik word. Daarmee saam is die volgorde, die singbaarheid ens. van liedere baie belangrik.

3. **Hoe oorleef ek en die dominee mekaar?**

   Predikante is vreemde goed- musikante is soms vreemder... hoe verstaan hierdie twee mekaar en hoe kan ons saam met mekaar 'n erediens laat blom? Kom hoor bietjie uit die perd(e) se bek oor hoe jy daai verhouding kan laat werk- en hoe nie!

4. **Hoe laat ek die gemeente sing?**

   Al ooit gevoel dat dit nie saak maak wat jy doen nie- die gemeente wil nie sing nie! Hoe kan jy 'n kultuur van goeie sang help vestig in jou gemeente? Ons kyk na praktiese, werkbare strategieë en hulpmiddels.

5. **Skryf van nuwe liedere**

   Ons het die duidelike opdrag uit die Woord dat ons nuwe liedere moet sing tot God se eer. Hoe gaan ons te werk om hierdie nuwe liedere te kry en om hul self te skryf. Daarmee saam moet die ryk musikale erfenis van die kerk nie verlore gaan nie en moet musiek bedienings 'n balans vind tussen oud en nuut wat ons begrond in ons erfenis terwyl ons vorentoe groei.

6. **Tegnies, klank en toerusting...**
   Kom vra al jou vrae oor wat werk en wat nie werk nie. Elektroniese toerusting is in baie gevalle 'n groot frustrasie en uitgawe vir gemeentes. Kom gesels met een van die grootste kenners in die veld daaroor en kry van die beste raad wat daar is!

7. **Praktiese werkswinkels**
   Ons gaan die naweek praktiese werkswinkels hou vir sangers, pianiste/orreliste/keyboard spelers, kitaar, elektriese kitaar, dromme en die klank personeel!